



# Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellstr Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137  
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819  
e-pos [kantoor@laerskoolswartkop.co.za](mailto:kantoor@laerskoolswartkop.co.za) Besoek ons webwerf by [www.swartkop.co.za](http://www.swartkop.co.za)



**Naskool selnommer: 082 332 4036 (Na 12:00 bedags)**

Geagte Ouer

## ALGEMEEN

Die Naskoolsentrum staan onder die direkte beskerming van die Beheerliggaam van Laerskool Swartkop. Mev Elria Geerlings (Adjunkhoof) ([elria.geerlings@laerskoolswartkop.co.za](mailto:elria.geerlings@laerskoolswartkop.co.za)) en Mnr Albert Korf (Departementshoof) ([albert.korf@laerskoolswartkop.co.za](mailto:albert.korf@laerskoolswartkop.co.za)) saam met Me Sanette Taljaard (Naskoolhoof) is verantwoordelik vir die bestuur en organisasie van die Naskoolsentrum. Die sentrum word bestuur met die oogmerk op dienslewering en is nie winsgewend nie. Daar sal sover moontlik van bewaarde personeel gebruik gemaak word om die verrigting van die Naskooltake bv. toesig, doen van huiswerk en die algemene welstand van die leerlinge te bewerkstellig.

'n Aansoekvorm moet deur die ouer / voog vir **elke** leerling in die Naskoolsentrum ingevul word.

## PERSONEEL VAN NASKOOLSENTRUM:

- Me Sanette Taljaard (Naskoolhoof)
- Me Annelien van der Merwe
- Me Martie de Jonge

## TYE VAN NASKOOLSENTRUM:

- Elke middag, direk na skool **13:40 tot 17:30** (Gr R-3 bly in wagklas tot 13:40)
- Daar sal GEEN Naskool wees gedurende naweke, vakansiedae en Desember vakansie nie.
- Tye om kleres te wissel: 13:40 – 13:45
- Etenstyd: 13:45 – 14:00
- Verpligte studietyd: 14:00 – 15:00
- Vrugtetyd: 15:30
- Afhaal: 17:30

*Rotsvas vir 51 jaar. Koersvas die toekomst in ...*

## VAKANSIES

- Die Naskoolsentrum sal gedurende APRIL, JULIE, OKTOBER en DESEMBER gesluit wees

## AFWESIGHEDE:

- Indien 'n leerling nie die Naskool kan bywoon nie, moet die ouer / voog ons asseblief skriftelik of telefonies in kennis stel. NB: GELDE KAN NIE AFGETREK WORD VIR DIE DAE WAT LEERLINGE NIE TEENWOORDIG WAS NIE (Permanente leerlinge)
- GEEN kind sal toegelaat word om die terrein te verlaat, tensy met die personeel vooraf gereël is nie – Dit is ter wille van die kind se eie veiligheid.
- Kinders word daaglik afgeteken en die sluitingstyd van die Naskool is STIPTELIK 17:30 regdeur die jaar. Die kinders se veiligheid is vir ons belangrik en daarom vra ons u samewerking in die verband.)
- Teenwoordighedsregister word daaglik geneem tydens studietyd.

## KLEREDRAG

- ALLE KLERE MOET ASB GEMERK WEES
- Leerlinge kry die geleentheid om klere te wissel vanaf 13:30 – 13:45. Leerders moet asb. ander klere saambring om te wissel. **Geen leerder mag in hulle skooldrag bly gedurende die middag nie.**
- As u kind met iemand anders se klere by die huis kom, sal dit waardeer word indien u dit sal terugstuur na die Naskoolsentrum toe.
- Ouers word vriendelik versoek om seker te maak dat u kind(ers) veral ouer dogters, betaamlik geklee is in die middag (Geen onderklere mag uitsteek of ekstra kort rompies / broekies gedra word nie)

## SKRYFBEHOEFTES

- ALLE SKRYFBEHOEFTES MOET ASB GEMERK WEES
- Gr R-3 moet asb. die volgende inhandig by hulle personeellid aan die begin van die jaar: 4x Gryspotlode, 4x gom, Inkleurkryte/potlode stel, 2x uitveërs, 1x boks tissues.
- Gr 4-7 moet asb die volgende inhandig by hulle personeellid aan die begin van die jaar: 3x Waterlyne A4 Skrifte 72p, 3x bloupenne, 1x skêr, 2x gryspotlode, 1x gom, 1x boks tissues.

## VERLORE KLERE

Daar is deurgaans heelwat verlore klere by die Naskool. Indien u kind se klere (Speelklere ook) gemerk is, kan ons die eienaar baie makliker opspoor en dit terugbesorg. Ouers word vriendelik versoek om alle tasse, sportsakke en klere, (sokkies en skoene ook) te merk.

## VOEDING

Dit staan u vry om vir u kind enige ekstra kos saam te stuur vir die middag. Leerlinge ontvang egter 'n ete by die Naskoolsentrum

## Spyskaart

Leerlinge kry een ete per middag:

- Broodjies, Pasteie, Vetkoek & Maalvleis, Hotdogs of Hamburgers. – Soos op rooster
- Koeldrank – 2 keer daaglik
- Vrugte – Daaglik

'n Besprekingspyskaart vir die maand sal vooraf aan u gegee word en deur u aan die personeel teruggestuur word. Etes sal so bepreek word vooraf vir die maand, sodoende help ons dat kos nie gemors word nie.

### **AFHAAL VAN LEERLINGE**

- Geen kind word toegelaat om by die hekke vir die ouers te wag nie.
- Indien iemand anders u kind kom afhaal, moet die Naskool skriftelik of telefonies in kennis gestel word.
- Ouers word daarop gewys dat daar 'n aftekenlys is waarop u u kind daaglik MOET afteken as hy/sy afgehaal word.
- Afhaaltyd: Nie later as 17:30 Stiptelik.
- Die Naskool behou die reg voor om u kind toegang te weier indien u nie by die afhaaltyd hou nie.
- Plek: Speelgrond in die naskoolarea.
- U kan ons skakel by Tel: 082 332 4036 indien u laat gaan wees vir die afhaal van u kind. Moet asseblief nie laat kom sonder om ons in kennis te stel nie. Dit is ongerieflik vir die personeel wat saam met die kind moet wag EN dit ontstel u kind as u laat is.

### **NASKOOLFOOIE 2020**

Die fooie vir die nuwe jaar word eers vasgestel tydens die Algemene Jaarvergadering in Oktober van die huidige jaar.

Foos vir die 2020 is soos volg en is per maand vooruit betaalbaar oor 11 maande vanaf Januarie tot November.

1 Kind	R910 per kind
2 Kinders	R1 600 per gesin
3 Kinders	R2275 per gesin
Dagleerlinge:	R50 per kind per dag

### **FINANSIES**

- **Betaling is maandeliks STRENG vooruitbetaalbaar teen die 7de van die maand.** Betalings kan dmv Internetbetalings of kontant by die kantoor gedoen word.
- Fooie word gehef vanaf Januarie tot November vir ingeskrewe leerders.
- Toelating tot die naskool sal beëindig word indien die rekening 2 maande en langer agterstallig is. U rekening sal aan 'n Prokureur oorhandig word vir invordering en u sal aanspreeklik wees vir enige kostes wat daaruit mag voortspruit.
- Een kennisgewingmaand skriftelike kennis moet aan die Naskoolhoof deurgegee word indien die leerling die naskool verlaat.
- Die naskool word privaat en onafhanklik van die skool bedryf en geen subsidies of borge word van buite instansies ontvang nie.
- Naskoolfooie word aangewend vir personeelsalarisse en kos. Gesien in hierdie lig kan geen korting / vrystelling toegestaan word nie.

### **INSKRYWINGS VIR VOLGENDE JAAR**

Indien u kind reeds ingeskryf is by die Naskool, moet u asb weer inskryf om ons in staat te stel om ons beplanning te doen en moet u wel die Naskoolhoof voor 30 November in kennis stel indien u kind/ers die Naskool gaan bywoon in die volgende jaar.

**STUDIETYD**

Neem asb. kennis dat daar Maandae tot Donderdae middag vanaf 14:00 – 15:00 verpligte studietyd vir Graad R – 7 leerders sal wees. Vanaf 15:00 – 15:30 sal daar steeds toesig wees by 'n personeellid vir kinders wat nog nie klaar is met hul huiswerk nie.

In die week voor en gedurende toetsreeks en eksamens sal leerders van Gr 4 – 7 verpligte studietyd hê vanaf 14:00 tot 15:30 om hul deeglik voor te berei vir die vraestelle.

Geen kind sal toegelaat word om in studietyd op 'n ander plek te wees nie, behalwe in die geval van georganiseerde sport of kultuuraktiwiteite soos deur die skool gereël.

Moedig asb. u kinders aan om in klastyd huiswerk te doen. Maak ook seker dat hulle tydens die toetsreeks/eksamens die regte boeke saambring vir voorbereiding.

**SPEELAREAS**

Die naskoolasrea is nou omhein met hekke en palissades. U kind moet ten alle tye binne hierdie area wees. U kinders word vir beheerdoeleindes onder toesig in spesifieke areas ingedeel om te speel. Maan asseblief u kinders om NIE hierdie reëling te verontagsaam nie. Dit veroorsaak onnodige probleme vir die personeel en ouers. Moedig asseblief u kinders aan om in sy/haar toegekende area te bly, om te alle tye gehoorsaam te wees aan die Naskool personeel en die Naskool- en skoolreëls te gehoorsaam.

In die geval van wangedrag of beskadiging van eiendom, sal daar geen ander keuse wees as om ernstige stappe teen u en u kind te neem nie

Indien u as ouer enige probleme ondervind, neem asseblief die vrymoedigheid om dit direk met die Naskoolpersoneel op te neem.

GEEN PERSONEELLID VAN DIE NASKOOLSENTRUM KAN VERANTWOORDELIK GEHOU WORD VIR ENIGE BESERINGS WAT LEERLINGE BY DIE NASKOOLSENTRUM OPDOEN NIE.

Ons heet u welkom by die Naskoolsentrum.

Naskool Groete

---

**Me Elria Geerlings**  
Adjunkhoof

---

**Mnr Albert Korf**  
Departementshoof

---

**Me Sanette Taljaard**  
Naskoolhoof